*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB**
**ABROAD 30c BUITELANDS**
**POST FREE · POSVRY**

VOL. 179] CAPE TOWN, 23 MAY 1980 / KAAPSTAD, 23 MEI 1980 [No. 7017


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 995. 23 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 63 of 1980: Heraldry Amendment Act, 1980.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 995. 23 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 63 van 1980: Heraldiekwysigingswet, 1980.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Heraldiekwet, 1962, betreffende die woordomskrywings; ten einde die buro te magtig om advies aangaande heraldiese aangeleenthede te verskaf; die Minister te magtig om 'n lid van die raad deur hom aangestel van sy amp te onthef; voorsiening te maak vir die instelling van 'n heraldiekkomitee by hierdie Wet; die Minister te magtig om 'n voorsitter van die raad en van die heraldiekkomitee aan te wys; voorsiening te maak vir die registrasie, wysiging en skrapping van heraldiese voorstellings van 'n amptelike owerheid in 'n vreemde land; en vir die skrapping van geregistreerde heraldiese voorstellings, name, spesiale name en uniforms in sekere omstandighede; aan sekere persone sekere bevoegdhede met betrekking tot die registrasie van familiewapens te verleen; sekere owerhede, verenigings, inrigtings en persone te magtig om teen sekere skrappings beswaar aan te teken; voorsiening te maak vir die verstrekking van sekere uittreksels uit die register en die uitreiking van sekere duplikaat-sertifikate; die strawwe vir sekere oortredings te verhoog; die gebruik van geregistreerde name, spesiale name en uniforms in sekere omstandighede strafbaar te stel; en die maak van sekere ongestaafde bewerings in verband met die verskaffing van familiewapens strafbaar te stel; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 5 Mei 1980.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 1 van Wet 54 van 1969.

**1.** Artikel 1 van die Heraldiekwet, 1962 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van „aansoek" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,aansoek' 'n aansoek **[om registrasie,]** in artikel 7 **[(3)]** bedoel; en het ,aansoeker' 'n ooreenstemmende betekenis;";

*(b)* deur die omskrywing van „differensiëring" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,differensiëring' die opneem van 'n breuk in 'n **[familiewapen]** heraldiese voorstelling volgens die beginsels en reëls van die heraldiek ten einde te onderskei tussen **[verskillende lede of vertakkinge van 'n familie]** die verskillende eienaars van daardie voorstelling;";

*(c)* deur na die omskrywing van „differensiëring" die volgende omskrywings in te voeg:

„,eienaar', met betrekking tot 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform, die owerheid,

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Heraldry Act, 1962, regarding the definitions; to authorize the bureau to give advice regarding heraldic matters; to authorize the Minister to remove from office any member of the board appointed by him; to provide for the establishment of a heraldry committee by this Act; to authorize the Minister to designate a chairman of the council and of the heraldry committee; to provide for the registration, amendment and deletion of heraldic representations of an official authority in a foreign country; and for the deletion of registered heraldic representations, names, special names and uniforms in certain circumstances; to grant to certain persons certain powers relating to the registration of family coats of arms; to authorize certain authorities, associations, institutions and persons to object to certain deletions; to provide for the furnishing of certain extracts from the register and the issue of certain duplicate certificates; to increase the penalties for certain offences; to render punishable in certain circumstances the use of registered names, special names and uniforms; and to render punishable the making of certain uncorroborated allegations in connection with the furnishing of family coats of arms; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 5 May 1980.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 18 of 1962, as substituted by section 1 of Act 54 of 1969.

**1.** Section 1 of the Heraldry Act, 1962 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "application" of the following definition:

"'application' means an application **[for registration]** referred to in section 7 **[(3)]**; and 'applicant' has a corresponding meaning;";

*(b)* by the insertion after the definition of "applicant" of the following definition:

"'approve' means approve under this Act; and 'approval' has a corresponding meaning;";

*(c)* by the substitution for the definition of "association" of the following definition:

"'association' means any association of persons in the Republic, the territory or a foreign country formed

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



vereniging, inrigting of persoon op wie se naam daardie voorstelling, naam, spesiale naam of uniform geregistreer staan;

,goedkeur' kragtens hierdie Wet goedkeur; en het ,goedgekeur' 'n ooreenstemmende betekenis;".

*(d)* deur na die omskrywing van „regulasie" die volgende omskrywing in te voeg:

„,skrapping' die deurhaal in die register van besonderhede van 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform;";

*(e)* deur die omskrywing van „spesiale naam" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,spesiale naam' 'n spesiale naam of **[aanwysing]** betiteling in artikel 7 **[(2)]** bedoel;";

*(f)* deur die omskrywing van „uniform" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,uniform' **[die ontwerp van]** enige kledingstuk of -stukke van onderskeidende ontwerp en kleur maar sonder 'n heraldiese voorstelling as deel daarvan, bestem om deur lede van 'n vereniging of inrigting wat nie van 'n politieke of godsdienstige aard is nie, gebruik te word;"; en

*(g)* deur die omskrywing van „vereniging" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,vereniging' 'n vereniging van persone in die Republiek, die gebied of die buiteland opgerig ter bevordering van sport of vir 'n ander wettige doel, die nastreef waarvan na die mening van die Minister **[in]** nie strydig met die openbare belang is nie;".

Wysiging van artikel 3 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 3 van Wet 54 van 1969.

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die werksaamhede van die buro is om—

*(a)* aansoeke om registrasie of skrapping en besware teen die registrasie of skrapping van heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms te ontvang en na te sien;

*(b)* die register en die dokumente ingevolge hierdie Wet ingedien, te hou;

*(c)* sertifikate van registrasie van heraldiese voorstellings, name, spesiale name en uniforms uit te reik; **[en]**

*(d)* **[die ander pligte wat die Minister of hierdie Wet aan die buro opdra, te verrig]** in soverre dit moontlik is, advies aangaande heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms te gee en hulp met die ontwerp van heraldiese voorstellings en uniforms te verleen;

*(e)* die ander pligte wat die Minister, raad of komitee ingevolge hierdie Wet aan die buro opdra, te verrig.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 4 van Wet 54 van 1969.

**3.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Daar word in die buro 'n register gehou waarin die buro op aansoek en op die wyse deur die staatsheraldikus na oorlegpleging met die raad bepaal die besonderhede inskryf wat **[die staatsheraldikus]** hy bepaal ten opsigte van—";

*(b)* deur paragrawe *(d)* en *(e)* onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

„*(d)* enige ander heraldiese voorstelling waarvan die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



for the promotion of sport or for any other lawful purpose, the pursuit of which in the opinion of the Minister is **[calculated to be in]** not contrary to the public interest;";

*(d)* by the insertion after the definition of "council" of the following definition:

"'deletion' means the deletion in the register of particulars of a registered heraldic representation, name, special name or uniform;";

*(e)* by the substitution for the definition of "differencing" of the following definition:

"'differencing' means the incorporation of a brisure in a **[family coat of arms]** heraldic representation in conformity with the principles and rules of heraldry in order to distinguish between **[different members or branches of a family]** the different owners of such representation";

*(f)* by the insertion after the definition of "other emblem" of the following definition:

"'owner', in relation to any heraldic representation, name, special name or uniform, means the authority, association, institution or person in whose name such representation, name, special name or uniform has been registered;";

*(g)* by the substitution for the definition of "special name" of the following definition:

"'special name' means any special name referred to in section 7 **[(2)]**;"; and

*(h)* by the substitution for the definition of "uniform" of the following definition:

"'uniform' means **[the design of]** any article or articles of wearing apparel, being distinctive in design and colour, but without a heraldic representation as part thereof, intended to be used by members of an association or institution which is not of a political or religious character".

Amendment of section 3 of Act 18 of 1962, as substituted by section 3 of Act 54 of 1969.

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The functions of the bureau shall be to—

*(a)* receive and examine applications for registration or deletion of, and objections against the registration or deletion of, heraldic representations, names, special names or uniforms;

*(b)* keep the register and the documents lodged in terms of this Act;

*(c)* issue certificates of registration of heraldic representations, names, special names and uniforms; **[and]**

*(d)* **[carry out such other duties as may be assigned to the bureau by the Minister or this Act.]** give advice, in so far as is possible, regarding heraldic representations, names, special names or uniforms, and render assistance with the design of heraldic representations and uniforms;

*(e)* carry out such other duties as may be assigned to the bureau by the Minister, council or committee in terms of this Act.".

Amendment of section 5 of Act 18 of 1962, as substituted by section 4 of Act 54 of 1969.

**3.** Section 5 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A register shall be kept in the bureau in which the bureau shall on application and in the manner determined by the state herald after consultation with the council enter the particulars **[determined by]** which **[the state herald]** he determines in respect of—"

*(b)* by the substitution for paragraphs *(d)* and *(e)* of the following paragraphs, respectively:

"*(d)* any other heraldic representation, the application

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



aansoek om registrasie **[kragtens hierdie Wet]** goedgekeur is en enige goedgekeurde wysiging **[, waarvan die aansoek daarom aldus goedgekeur is, van 'n geregistreerde heraldiese voorstelling]** daarvan; en

(*e*) enige naam, spesiale naam of uniform waarvan die aansoek om registrasie **[kragtens hierdie Wet]** goedgekeur is en enige goedgekeurde wysiging **[, waarvan die aansoek daarom aldus goedgekeur is, van 'n geregistreerde naam, spesiale naam of uniform]** daarvan.".

Vervanging van artikel 6 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 5 van Wet 54 van 1969.

**4.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Raad vir heraldiek en heraldiekkomitee.

**6.** (1) Daar word hierby 'n raad vir heraldiek ingestel wat bestaan uit die staatsheraldikus en minstens ses ander lede **[deur]** wat die Minister **[aangestel te word]** aanstel op die voorwaardes en vir die tydperk wat hy bepaal: Met dien verstande dat die Minister te eniger tyd 'n lid deur hom aangestel van sy amp kan onthef indien daar na sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan.

(2) Die werksaamhede van die raad is om—

(*a*) **[die]** beleid te bepaal **[wat geld by die goedkeuring van 'n aansoek]** aangaande heraldiese aangeleenthede;

(*b*) die aangeleenthede wat die staatsheraldikus of die komitee na hom verwys, te oorweeg en daaromtrent te beslis;

**[**(*c*) **aansoeke wat ingevolge hierdie Wet na hom verwys word, te oorweeg en vir registrasie goed te keur of af te wys;**

(*d*)**]** (*c*) appèlle kragtens artikel 9 aangeteken, te oorweeg; en

**[**(*e*) **besware ingevolge artikel 7B ingedien, te oorweeg; en**

(*f*)**]** (*d*) die ander pligte wat die Minister aan die raad opdra, te verrig.

(3) **[Die Minister stel]** Hierby word 'n heraldiekkomitee **[aan, bestaande]** ingestel wat bestaan uit die voorsitter en die staatsheraldikus en die aantal ander lede van die raad wat die Minister aanwys om **[te beslis en aan die staatsheraldikus verslag te doen]** oor aansoeke wat die staatsheraldikus na hom verwys, te beslis en om besware ingevolge artikel 7B ingedien, te oorweeg.

(4) (*a*) Die Minister wys een van die lede—

(i) van die raad wat deur hom as lid aangestel is, as voorsitter aan om op 'n vergadering van die raad voor te sit;

(ii) van die komitee wat deur hom as lid aangewys is, as voorsitter aan om op 'n vergadering van die komitee voor te sit:

Met dien verstande dat indien die voorsitter van die raad of die voorsitter van die komitee afwesig is van 'n vergadering van die raad of komitee (na gelang van die geval), die lede wat op daardie vergadering aanwesig is een uit hul midde moet kies om op dié vergadering voor te sit.

(*b*) Behoudens die voorskrifte van die Minister bepaal die raad en die komitee wanneer en waar hulle vergader en die prosedure en kworum by hul vergaderings, met inbegrip van die getal stemme vereis vir 'n beslissing.

(5) Aan 'n lid van die raad of die komitee wat nie voltyds in diens van die Staat is nie, word daar, uit

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



for registration of which has been approved **[under this Act]** and any approved amendment **[of which the application therefor has been so approved, of a registered heraldic representation]** thereof; and

*(e)* any name, special name or uniform, the application for registration of which has been approved **[under this Act]** and any approved amendment **[, of which the application therefor has been so approved of a registered name, special name or uniform]** thereof.".

Substitution of section 6 of Act 18 of 1962, as substituted by section 5 of Act 54 of 1969.

**4.** The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

"Heraldry council and heraldry committee.

**6.** (1) There is hereby established a heraldry council which shall consist of the state herald and at least six other members **[to be]** appointed by the Minister on such conditions and for such period as he may determine: Provided that the Minister may at any time remove any member appointed by him from office if in his opinion sufficient reasons exist for doing so.

(2) The functions of the council shall be to—

*(a)* determine **[the]** policy to be applied **[in approving an application]** as to heraldic matters;

*(b)* consider and decide upon such matters as the state herald or the committee may refer to it;

**[*(c)* consider and approve for registration, or reject, applications referred to it in terms of this Act;**

***(d)*]** *(c)* consider appeals noted under section 9; and

**[*(e)* consider objections lodged in terms of section 7B; and**

***(f)*]** *(d)* carry out such other duties as may be assigned to the council by the Minister.

(3) **[The Minister shall appoint]** There is hereby established a heraldry committee consisting of the chairman and the state herald and such number of other members of the council as the Minister may designate, to decide and to report to the state herald upon applications **[referred to it by]** which the state herald may refer to it, and to consider objections lodged in terms of section 7B.

(4) *(a)* The Minister shall—

(i) designate one of the members of the council who was appointed as a member by him, as chairman to preside at a meeting of the council;

(ii) designate one of the members of the committee who was appointed as a member by him, as chairman to preside at a meeting of the committee:

Provided that in the absence of the chairman of the council or the chairman of the committee from any meeting of the council or committee (as the case may be), the members present at such meeting shall elect one of their number to preside at such meeting.

*(b)* Subject to any directions by the Minister, the council and the committee shall determine when and where they shall meet and the procedure and quorum at their meetings, including the number of votes required for a decision.

(5) A member of the council or the committee who is not in the full-time employment of the State shall

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, ten opsigte van sy dienste as lid van die raad of die komitee die toelaes betaal wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

**[(6) Aan so 'n lid van die raad wat ook lid van die komitee is, word daar insgelyks ten opsigte van sy dienste as lid van die komitee bykomstige toelaes, aldus bepaal, betaal.]**".

Vervanging van artikel 7 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 6 van Wet 54 van 1969.

**5.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aansoeke en appèlle.

**7.** (1) 'n Amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon kan by die buro aansoek doen om registrasie van 'n heraldiese voorstelling, of van 'n wysiging of die skrapping van 'n **[geregistreerde]** heraldiese voorstelling wat op sy naam geregistreer staan.

(2) 'n Amptelike owerheid wat in 'n vreemde land gevestig is, kan met die toestemming van die raad by die buro aansoek doen om die registrasie van 'n heraldiese voorstelling, of om 'n wysiging of die skrapping van 'n heraldiese voorstelling wat op sy naam geregistreer staan: Met dien verstande dat die raad se beslissing afdoende is: Met dien verstande voorts dat die bepalings van artikel 19 nie ten opsigte van die uitoefening van die raad se bevoegdheid kragtens hierdie subartikel van toepassing is nie.

**[(2)]** (3) 'n Vereniging of inrigting wat nie van 'n politieke of godsdienstige aard is nie kan by die buro aansoek doen om registrasie van sy naam of van **[een]** 'n spesiale naam of **[aanwysiging]** betiteling wat deur die vereniging of inrigting gebruik word vir sy lede of die lede van enige organisasie deur die vereniging of inrigting daargestel ooreenkomstig sy reëls en reglemente, of van 'n uniform deur die vereniging of inrigting gebruik, of van 'n wysiging of skrapping van 'n naam, spesiale naam of uniform wat op sy naam geregistreer staan.

(4) Die staatsheraldikus kan, onderworpe aan die bepalings van artikel 19 en met die toestemming van die komitee, 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform skrap indien hy oortuig is dat die amptelike of munisipale owerheid, vereniging of inrigting op wie se naam dit geregistreer staan nie meer bestaan nie.

(5) Iemand op wie se naam 'n familiewapen geregistreer is, kan by die buro aansoek doen dat daardie familiewapen, met of sonder differensiëring, by sy oorlye op die naam van enige van sy afstammelinge, of op die naam van enige ander persoon wat dieselfde familienaam het, geregistreer word.

(6) Enige afstammeling van 'n persoon wat 'n bepaalde familiewapen wettig voer of gevoer het, of 'n aangenome kind, soos omskryf in die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), van daardie persoon wat dieselfde wettig verleende familienaam as daardie persoon het, kan by die buro aansoek doen om die registrasie met of sonder differensiëring, op sy naam van daardie familiewapen.

(7) Enigiemand kan by die buro aansoek doen om die uitreiking aan hom van 'n sertifikaat deur die staatsheraldikus waarin verklaar word dat die voorstelling waarop dié sertifikaat betrekking het 'n ware voorstelling is van die familiewapen wat wettig deur die een of ander vermelde persoon gevoer is of sou kon word.

**[(3)]** (8) 'n Aansoek om registrasie van 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uni-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, be paid in respect of his services as a member of the council or the committee such allowances as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine.

**[(6) Such a member of the council who is also a member of the committee, shall in respect of his services as member of the committee similarly be paid additional allowances, so determined.]**".

Substitution of section 7 of Act 18 of 1962, as substituted by section 6 of Act 54 of 1969.

**5.** The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

"Applications and appeals.

**7.** (1) Any official or municipal authority, association, institution or person may apply to the bureau for registration of a heraldic representation, or of any amendment or the deletion of a **[registered]** heraldic representation which has been registered in its or his name.

(2) Any official authority established in a foreign country may with the consent of the council apply to the bureau for the registration of a heraldic representation, or for an amendment of or the deletion of any heraldic representation registered in its name: Provided that the council's decision shall be final: Provided further that the provisions of section 19 shall not apply in respect of the exercise of the council's power under this subsection.

**[(2)]** (3) Any association or institution which is not of a political or religious character may apply to the bureau for registration of its name or of **[one]** a special name or designation used by the association or institution for its members or for the members of any organization constituted by the association or institution in accordance with its rules and regulations, or of any uniform used by the association or institution or of any amendment or deletion of any name, special name or uniform which has been registered in its name.

(4) The state herald may, subject to the provisions of section 19 and with the consent of the committee, delete any heraldic representation, name, special name or uniform if he is satisfied that the official or municipal authority, association or institution in whose name it has been registered no longer exists.

(5) Any person in whose name a family coat of arms has been registered may apply to the bureau for the registration, upon his death, with or without differencing, of that family coat of arms in the name of any of his descendants, or in the name of any other person who bears the same family name.

(6) Any descendant of any person who lawfully bears or bore a particular family coat of arms, or any adopted child, as defined in the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), of such person bearing the same lawfully conferred family name as that person, may apply to the bureau for the registration, with or without differencing, of that family coat of arms in his name.

(7) Any person may apply to the bureau for the issue to him of a certificate by the state herald stating that the representation to which the certificate relates is a true representation of the family coat of arms lawfully borne by any person mentioned therein.

**[(3)]** (8) An application for registration of a heraldic representation, name, special name or uni-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





form of **[van]** om 'n wysiging of die skrapping van 'n geregistreerde heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform, of 'n appèl ingevolge artikel 9, word by die buro ingedien in die vorm wat die staatsheraldikus bepaal en gaan vergesel van die dokumente en ontwerpe wat die staatsheraldikus bepaal en die **[voorgeskrewe]** gelde wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.".

Vervanging van artikel 7B van Wet 18 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 54 van 1969.

**6.** Artikel 7B van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Besware. **7B.** 'n Amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon wat teen die registrasie van 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform of teen die wysiging of skrapping van 'n geregistreerde heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie, **[of]** wysiging of skrapping inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, dien so 'n beswaar by die buro in op die wyse en binne die tydperk wat die buro by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 18 van 1962, soos vervang deur artikel 8 van Wet 54 van 1969.

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
